

BUITENGEWONE

OFFISIEL VAN SU OFFICIA

OFFISIELLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRA
OF SOUTH
UITGawe OP GESAG

EXTRAORDINARY OF SOUTH WEST AFRICA

30c

Vrydag 19 September 1980

WINDHOEK

Friday 19 September 1980

No. 4274

INHOUD: *Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- | | | |
|-------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---|
| No. AG. 131 | Bekendmaking van 'n Voorstel dat 'n Gedeelte van Distrikspad 1982 Verlê word: Distrik Windhoek | 1 |
| No. AG. 132 | Bekendmaking van 'n Versoek dat 'n Plaaspad Geproklameer word: Distrik Gobabis | 3 |
| No. AG. 133 | Distrik Mariental: Proklamering en Klassifisering van 'n Pad en Herroeping van Bylae by Proklamasie 30 van 1972 | 3 |
| No. AG. 134 | Munisipaliteit van Grootfontein: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies | 4 |

Goewermentskennisgewings

kantoor van die

**ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA
DEPARTEMENT VAN VERVOER**

DEPARTEMENT VAN VERVOER
Enkele voorbeelden van de mogelijkheden om de verkeersveiligheid te vergroten
en de arbeidsomstandigheden te verbeteren

**BEKENDMAKING VAN 'N VOORSTEL DAT 'N
GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 1982 VERLË^E
WORD:
DISTRIK WINDHOEK**

Kragtens artikel 20(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Vervoer voorstel dat 'n gedeelte van distrikspad 1982 wat beskryf is in Bylae IV van Proklamasie 46 van 1953, Bylae III van Proklamasie 46 van 1954 en Bylae I en II van Proklamasie 27 van 1957 verlê word van die loop daarvan soos beskryf in Bylae I hieronder na die loop soos beskryf in Bylae II hieronder.

CONTENTS:

GOVERNMENT NOTICES:

- | | | |
|-------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---|
| No. AG. 131 | Notification of a Proposal that a Portion of District Road 1982 be Deviated: District of Windhoek | 1 |
| No. AG. 132 | Notification of a Request that a Farm Road be Proclaimed: District of Gobabis | 3 |
| No. AG. 133 | District of Mariental: Proclamation and Classification of a Road and Repealing of a Schedule to Proclamation 30 of 1972 | 3 |
| No. AG. 134 | Municipality of Grootfontein: Amendment of Native Location Regulations | 4 |

Government Notices

Office of the

**ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA
DEPARTMENT OF TRANSPORT**

No. AG 131

**NOTIFICATION OF A PROPOSAL THAT A
PORTION OF DISTRICT ROAD 1982 BE
DEVIATED:**

Under section 20(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Secretary for Transport proposes that a portion of district road 1982 which is described in Schedule IV of Proclamation 46 of 1953, Schedule III of Proclamation 46 of 1954 and Schedules I and II of Proclamation 27 of 1957 be deviated from the course thereof as described in Schedule I hereto to the course as described in Schedule II hereunder.

'n Sketskaart (nommer P1088) van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaat-paaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld, gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaisuperintendent, Windhoek ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne dertig dae van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE I

GEDEELTE VAN PAD WAT VERLÊ MOET WORD

Van 'n punt (A₁ op sketskaart P1088) op grootpad 49 op die plaas Claratal 18 algemeen suidweswaarts oor die plase Claratal 18, Vaalgras 14 en Gedeelte 1 van Vaalgras 14 tot op 'n punt (D₁ op sketskaart P1088) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen weswaarts oor die plase Gedeelte 1 van Vaalgras 14, Friedrichsruh 13, Hohenhorst 12, Restant van Hochland 37, Gedeelte 3 van Hochland 37, Restant van Gedeelte 2 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van Gekonsolideerde plaas Hochland 37, Gedeelte 1 van Hochland 37 ('n gedeelte van gekonsolideerde plaas Hochland 37) en Bergveld 36 ('n gedeelte van Gekonsolideerde plaas Hochland 37) tot op 'n punt (V op sketskaart P1088) op laasgenoemde plaas.

BYLAE II

ROOTE WAARLANGS PAD VERLÊ MOET WORD

Van 'n punt (A op sketskaart P1088) op grootpad 49 op die plaas Haris 367 algemeen wessuidweswaarts oor die plase Haris 367, Claratal 18, Vaalgras 14, Gedeelte 1 van Vaalgras 14 en Hohenhorst 12 tot op 'n punt (F op sketskaart P1088) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen weswaarts oor die plase Hohenhorst 12, Restant van Hochland 37, Gedeelte 3 van Hochland 37, Restant van Gedeelte 2 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van Gekonsolideerde plaas Hochland 37 en Bergveld 36 ('n gedeelte van Gekonsolideerde plaas Hochland 37) tot op 'n punt (V op sketskaart P1088) op laasgenoemde plaas (By benadering — A-B-C-D-E-F-G-H-H2-I-J-K-L-L2-M-N-O-P-Q-R-S-T-U-V op sketskaart P1088).

A sketch-map (number P1088) of the area concerned and on which the road to which the proposal refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder be available for inspection during normal office hours at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Windhoek.

Every person having any objection to the above proposal is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within thirty days from date of publication hereof.

SCHEDULE I

PORTION OF ROAD TO BE DEVIATED

From a point (A₁ on sketch-map P1088) on main road 49 on the farm Claratal 18 generally south-westwards across the farms Claratal 18, Vaalgras 14 and Portion I of Vaalgras 14 to a point (D₁ on sketch-map P1088) on the last-mentioned farm; thence generally westwards across the farms Portion I of Vaalgras 14, Friedrichsruh 13, Hohenhorst 12, Remainder of Hochland 37, Portion 3 of Hochland 37 Remainder of Portion 2 (a portion of Portion 2) of Consolidated farm Hochland 37, Portion I of Hochland 37 (a portion of Consolidated farm Hochland 37) and Bergveld 36 (a portion of Consolidated farm Hochland 37) to a point (V on sketch-map P1088) on the last-mentioned farm.

SCHEDULE II

COURSE TO WHICH ROAD IS TO BE DEVIATED

From a point (A on sketch-map P1088) on main road 49 on the farm Haris 367 generally west-south-westwards across the farms Haris 367, Claratal 18, Vaalgras 14, Portion I of Vaalgras 14 and Hohenhorst 12 to a point (F on sketch-map P1088) on the last-mentioned farm; thence generally westwards across the farms Hohenhorst 12, Remainder of Hochland 37, Portion 3 of Hochland 37, Remainder of Portion 2 (a portion of Portion 2) of Consolidated farm Hochland 37, Portion I of Hochland 37 (a portion of Consolidated farm Hochland 37) and Bergveld 36 (a portion of Consolidated farm Hochland 37) to a point (V on sketch-map P1088) on the last-mentioned farm (Approximately — A-B-C-D-F-G-H-H2-I-J-K-L-L2-M-N-O-P-Q-R-S-T-U-V on sketch-map P1088).

No. AG. 132
1980
BEKENDMAKING VAN 'N VERSOEK DAT 'N PLAASPAD GEPROKLAMEER WORD:
DISTRIK GOBABIS

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Gobabis versoek dat 'n pad in die distrik Gobabis geproklameer word soos in die Bylae hieronder beskryf en dat by die Administrateur-generaal aanbeveel word om die genoemde pad tot plaaspad te verklaar.

'n Sketskaart (nommer P1084) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaat-paaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter inspeksie beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede, daarin uiteengesit skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspanplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (F op sketskaart P1084) op die plaas Wesselsput Oos 758 algemeen suidooswaarts oor die plase Wesselsput Oos 758 en Moedhoop 655 tot op 'n punt (G op sketskaart P1084) op grootpad 58 op laasgenoemde plaas.

No. AG. 133
1980
DISTRIK MARENTAL:
PROKLAMERING EN KLASIFISERING VAN 'N PAD EN HERROEPING VAN BYLAE BY PROKLAMASIE 30 VAN 1972

Ingevolge subartikel (2) van artikel 22 van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens subartikel (1) van genoemde artikel 22 in die distrik Mariental 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P1077, geproklameer het oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie, die loop van daardie pad bepaal het soos in die Bylae hieronder beskryf. Verder word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal bovenoemde pad kragtens artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad (nommer 1046) verklaar het en Bylae II by Proklamasie 30 van 1972 herroep het.

No. AG. 132
1980
NOTIFICATION OF A REQUEST THAT A FARM ROAD BE PROCLAIMED:
DISTRICT OF GOBABIS

Under and by virtue of the provisions of section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Gobabis requests that a road in the district of Gobabis be proclaimed as described in the Schedule hereunder and that it be recommended to the Administrator-General that the said road be declared a farm road.

A sketch-map (number P1084) of the area concerned and on which the road to which the request refers, and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown shall for the full period of thirty days mentioned hereunder be available for inspection during normal office hours at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis.

Every person having any objection to the above request is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspanplatz, 9000, within thirty days from date of publication hereof.

SCHEDULE

From a point (F on sketch-map P1084) on the farm Wesselsput Oos 758 generally south-eastwards across the farms Wesselsput Oos 758 and Moedhoop 655 to a point (G on sketch-map P1084) on main road 58 on the last-mentioned farm.

No. AG. 133
1980
DISTRICT OF MARIENTAL:
PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD AND REPEALING OF A SCHEDULE TO PROCLAMATION 30 OF 1972

In terms of subsection (2) of section 22 of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) it is hereby made known that the Administrator-General has under subsection (1) of the said section 22 in the district of Mariental proclaimed a road, indicated on sketch-map P1077, on land where no road previously existed and defined the course of that road as described in the Schedule hereunder. It is hereby further made known that the Administrator-General has under section 23(1) of the said Ordinance declared the above-mentioned road a district road (number 1046) and has repealed Schedule II to Proclamation 30 of 1972.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoourure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

**SKETSKAART P1077
BYLAE V DEUR**

Van 'n punt (A op sketskaart P1077) op distrikspad 1016 op die plaas Naomi 455 algemeen noordwaarts oor die plase Naomi 455, Bechuana 454, Uitspan 453, Gedeelte 1 van die plaas Uitspan 453 en Gedeelte 1 (Boesmankolk) van die plaas Môrester 451 tot 'n punt (C op sketskaart P1077) op distrikspad 1010 op laasgenoemde plaas; van daar steeds algemeen noordwaarts oor die plase Gedeelte 1 (Boesmankolk) van die plaas Môrester 451, Môrester 451, Boesmanstad 462 en Oorwinning 460 tot op 'n punt (D op skets P1077) op distrikspad 1001 op laasgenoemde plaas (A-B-C-I-D op sketskaart P1077).

No. AG. 134 (dag van uitkondiging: 1980) **DEPARTEMENT VAN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 32(4) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Naturelle Sake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet 56 van 1954) en artikel 2 van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende gesag, 1977 (Proklamasie AG. 3 van 1977) die wysiging van die Inboorlinglokasieregulasies wat deur die Munisipaliteit van Grootfontein aanvaar is en in die Bylae vervat is, goedgekeur.

BYLAE V DEUR
MUNISIPALITEIT VAN GROOTFONTEIN:
WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIE REGULASIES

Die lokasieregulasies aangekondig by Goewermentskennisgewing 128 van 1 September 1964 word hierby gewysig deur in Bylae V (tarief van Huur, Gelde en Vorderings) die volgende by te voeg:

8. Elektrisiteitsverskaffing:

Die tarief deur die verbruiker betaalbaar, sal wees soos van tyd tot tyd deur die Stadsraad van Grootfontein bepaal en aangekondig ingevolge die Munisipale Ordonnansie 13 van 1963.

9. Watervoorsiening:

Die tarief deur die verbruiker betaalbaar, sal wees soos van tyd tot tyd deur die Stadsraad van Grootfontein bepaal ingevolge die Munisipale Ordonnansie 13 van 1963, waar die verbruik deur 'n meter vir die doel voorsien, gelees kan word.

The above-mentioned sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Secretary for Transport, Windhoek.

SCHEDULE VII

From a point (A on sketch-map P1077) on district road 1016 on the farm Naomi 455 generally northwards across the farms Naomi 455, Bechuana 454, Uitspan 453, Portion 1 of the farm Uitspan 453 and Portion 1 (Boesmankolk) of the farm Môrester, 451 to a point (C on sketch-map P1077) on district road 1010 on last-mentioned farm; thence still generally northwards across the farms Portion 1 (Boesmankolk) of the farm Môrester 451, Môrester 451, Boesmanstad 462 and Oorwinning 460 to a point (D on sketch-map P1077) on district road 1001 on last-mentioned farm (A-B-C-I-D on sketch-map P1077).

No. AG. 134 (dag van uitkondiging: 1980) **DEPARTMENT OF CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**

The Administrator-General has under section 32(4) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), read with section 3 of the South West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act 56 of 1954), and section 2 of the Executive Powers Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 3 of 1977), approved the amendment of the Native Location Regulations adopted by the Municipality of Grootfontein and set out in the Schedule.

SCHEDULE VII
MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN:
AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS

The location regulations published under Government Notice 128 dated 1 September 1964 are hereby amended by adding to Schedule V (tariff of Rents, Fees and Charges) the following:

8. Electricity Supply:

The tariff payable by the consumer will be determined from time to time by the Town Council of Grootfontein and made applicable by virtue of the Municipal Ordinance 13 of 1963.

9. Water Supply:

The tariff payable by the consumer will be as amended from time to time by the Town Council of Grootfontein as amended and made applicable by virtue of the Municipal Ordinance 13 of 1963 by fixing the consumption by reading the meter which is supplied for this purpose.